SARL-NUUS - SONDAG 03 MEI 2009

U luister na ZS6SRL, die amptelike radiostasie van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasio

Hierdie en vorige bulletins kan van www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken

U nuusleser is (Naam en Roepsein), op 145,725 MHz vanuit Pretoria, met herleidings op 28,325

In die nuus vandag:

EERSTE RADIOTEGNOLOGIE-IN-AKSIESIMPOSIUM VOLGENDE NAWEEK IN GAUTENG

GEEN VERRASSINGS MET VERKIESING VAN SARL-RAADSLEDE NIE

UITSLAE VAN AJV-MOSIES

MARGINALE STYGING IN JAARLIKSE LEDEGELD

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir meer besonderhede oor hierdie en ander belangrike e

EERSTE RADIOTEGNOLOGIE-IN-AKSIESIMPOSIUM VOLGENDE NAWEEK IN GAUTENG

Die eerste van die 2009 radiotegnologie-in-aksiesimposiums sal in Gauteng by die SARL se Na
Die volle program is op die web www.sarl.org.za beskikbaar. Hier volg die hoogtepunte van d

Amateurradio is nie jou oupa se radio nie. Hoe sal amateurradio in die toekoms lyk? Tyddomein reflektrometrie (TDR) en tyddomein transmissometrie (TDT). Stap-vir-stap ontwerp van 'n laeruis 2 m versterker. HF-radiotegnologie in ruimtefisikanavorsing. Maak satelliete jou volgende stop in amateurradio. Praktiese toepassing van spreispektrumtegnologie insluitend die bou van 'n DSSS-sendontvanger. Kortgolfluister is dit 'n vergete tydverdryf? Die inskrywingsfooi is slegs R30 per persoon. Studente en leerders kry gratis toegang. Die inskrywingsfooi sluit deelname aan die bywoningstrekking in. Bring u vriende saam. Dit is die jaarlikse SARL-gebeurtenis wat nie misgeloop moet word nie. Vroeë oggendtee en koffie sal in die NARS-gebou beskikbaar wees. Die simposium self vind in Sentech se konferensiesentrumkompleks plaas.

GEEN VERRASSINGS MET VERKIESING VAN SARL-RAADSLEDE NIE

Aangesien slegs 12 persone vir die Raad genomineer is, het geen stemming plaasgevind nie. Di
President: ZS1YT, Rassie Erasmus; Vise-President: ZS4BS, Denis Green, Dennis is ook redakteu

UITSLAE VAN AJV-MOSIES

Mosie 1, wat gevra het vir uitbreiding aan die wedersydse lisensie-ooreenkomste met meer lan
Mosie 2 wat gevra het dat die SARL n nouer betrokkenheid met klubs moet ontwikkel, is aanva
Mosie 3, wat voorgestel het dat nie-SARL-lede ook toegelaat word om HAMNET-lede te word, is

MARGINALE STYGING IN JAARLIKSE LEDEGELD

Die ledegeld vir n volle lid vir die 2009/2010 finansiële jaar bedra R340. Indien ledegeld
Die ledegeld vir seniorlede is R212, met n afslag van R12 vir betaling voor 31 Augustus, du
Ledegeldrekenings sal voor die einde van Mei uitgestuur word. Teen die einde van hierdie naw

SLUIT NOU AAN EN VERKRY TWEE MAANDE GRATIS LIDMAATSKAP

Nie-lede word uitgenooi om nou aan te sluit, u betaal die afslagfooi van R320 en u verkry gr

RAE-KANDIDATE: VERKRY DIE BESONDERHEDE

Die eksamennommers vir die radioamateureksamens is nou op die webwerf met die volgende adres

http://www.sarl.org.za/public/licences/rae_exam_numbers.asp. (Lesers lees as sarl.org.za vorentoe skuinsstreep public vorentoe skuinsstreep licences vorentoe skuinsstreep rae onderstreping numbers onderstreping exam vorentoe skuinsstreep numbers.asp. Die spasies in die getikte adres hierbo is onderstreep). Indien u nie die adres kan onthou nie, gaan na www.sarl.org.za, klik op licensing, kies dan Radio Amateur s Examinations en klik op exam numbers.

NOG 'N DAG VIR KONSTRUKSIEKOMPETISIE-INSKRYWINGS

Inskrywings vir die SA Amateurradio-ontwikkelingstrust se kondtruksiekompetisie sal nog tot

KLUBNUUS

Die Sandton ARK hou hulle volgende klub se tegniese vergadering om 19:00 op 26 Mei by die NA

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, rapporteer dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak die komende week baie
Die hoeveelheid energie van die son wat die Suidelike ionsofeer bereik is besig om af te nee
Gedurende laatmiddag en die aand gaan toestande na die Noorde goed wees. Noordoostelike, Noo
10 MHz lyk laatmiddag en na sononder bruikbaar vir die Morsekode- en digitale entoesiaste.
Plaaslike toestande gaan gedurende die dag op 40 m goed wees. 80 m behoort gedurende vroegog
Saans is 80 m die beste keuse. Ongelukkig is die geraasvlakke agv. statiese ontladings nog b
Onthou dat hierdie net 'n voorspelling is en dat HF u aangenaam kan verras. Skakel u stel aa
Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir verdere inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE

3 Mei - ZS3 Naelloop; 4 Mei Laaste dag vir aanvaarding van inskrywings vir die SA Amateurradio-ontwikkelingstrust se kondtruksiekompetisie; 9 Mei - RTA by die NARS; 15 Mei - Sluitingsdatum vir die SAROT-toekenningsnominasies; 26 Mei Sandtonklub se tegniese vergadering by die NARS.

SARL-nuus nooi klubs en individue om nuusberigte wat vir radioamateurs en kortgolfluisteraar

Die SARL nooi u ook om te luister na die program Amateur Radio Mirror International, wat om

U het geluister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga wat deur George, ZS4NE,

Dankie dat u geluister het. 73.

/EX